**MATIES!**
Probeer u eie winkel vir herstelwerk aan u rakette:
Kort snare 1/-. Lang snare 1/3.
Hersnarings: 17/6, 19/6, 25/6, 35/6. Armours super special snare 37/6.
**DIE EIKESTADWINKEL** (Edms.) Bpk.
C.S.V. HOOFGEBOU.
Stellenbosch.

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL II, No. 10. VRYDAG, 8 MEI 1942. PRYS 1d.

# INTERVARSITY IS HIER . . . .

## BOODSKAPPE VAN GROOTHANE

### IKEYS PRAAT GROOT . . . . . SOOS ALTYD

Terwyl die geesdrif in Matie-kringe vinnig ten toppunt styg het „Die Matie'' sy Spesiale Buitelandse Korrespondent gestuur om onder geheime dekmantel 'n ondersoek in Ikeyland in te stel na die gees wat aldaar heers. Hy het onmiddellik na die „Men's Residence'' gegaan en daar met die groot Intervarsity Kokkedore, mnre. Kosie Theron, hul dirigent, Fanie van der Spuy, hul kaptein, en W. Soal, sekretaris van hul Intervarsity-komitee, ondergehoude gehad.

Die Ikeys is vol geesdrif, en net waar 'n mens hom in hulle gebied begewe, word uit die badkamers en vierkante gehoor hoe liedjies geoefen en planne beraam word vir „Der Tag.''

Hulle is vol geesdrif, ja. . . . . .

### IKEY-KAPTEIN

Hallo Maties, — Dit is alweer sulke tyd Saterdag, nè — en natuurlik dink julle dat jul die ding hierdie keer gaan maak. Ongelukkig vir julle is daardie kastige 10 jaar van julle egter lankal gebreek en sal ons dus van Saterdag af, ons toekomstige 20 jaar se oorwinnings begin aanteken.

Verder alles van die beste met die singery — julle sal darem goed moet wees as julle gehoor wil word — en mag ons somar lekker wedstryde hê.

Tot Saterdag dan!

*Fanie van der Spuy.*

### VAN DIE IKEY-DIRIGENT

Ek wonder of julle Maties nog onthou hoe ons julle verlede jaar hees gesing het? Het julle kele tog so 'n bietjie herstel?

Maar moenie laat ons ou koeie uit die sloot grawe nie — laat die dooie verlede dooies begrawe. 'n Nuwe era in die Intervarsity het aangebreek.

Môre is die dag wanneer julle nogmaals sal moet boet. Ons het oor die halfdosyn nuwe liedjies waarmee ons julle gaan doodsing om nie eens van die oues te praat nie.

Nou Maties, — al wat ek sê is PASOP! Ons gaan nie groot praat nie maar daardie kêreltjie Duvenhage sal agtermekaar moet wees om enige indruk op ons te maak. Ons sal julle so kafsing dat voor „Die Maties begin te speel'' — soos julle liedjie lui, daar net enkele Maties op die Paviljoen sal rondslinger.

*Kosie Theron.*

### SEKRETARIS, INTERV. KOM.

Maties, julle het ons vir tien jaar (volgens julle) geklop, — en nou is dit weer ons kans, ons gaan julle vanjaar 'n kafferpak gee, al bars die bottel ook!

Alhoewel julle gaan verloor kan julle tog weer die Intervarsity-dans kom bywoon — ons sal julle nie te veel spot nie maar sal soos broers saamlewe.

*W. Soal.*

### ONS VOETBALKAPTEIN

Dit is eintlik slegte strategie om vooruit te sê wat 'n man môre gaan doen, want die geheime wapens hou jy vir die opposisie en verduidelik jy nie sondermeer aan jou vriende nie. Bowendien is dit gevaarlik om enige voorspellings vir môre te maak. Die algemene gees van die Maties spel egter alleen een woord en dit is „oorwinning.'' Hierdie vasberadenheid is die gevolg van die onbeslissende uitslag van verlede jaar en die absolute oortuiging dat die Maties hierdie jaar geen twyfel gaan laat oor wie die sterkste span is nie.

Hoewel ons hierdie jaar beskik oor 'n voorhoede wat sekerlik hulle man teen enige span kan staan en agterspelers wat gebruik kan maak van die kanse wat die voorspelers hulle gee, oorskat ons nie ons kragte nie; en besef ons dat die tradisionele samespel en gees van die Maties die deurslag moet gee. Hierdie gees ontbreek sekerlik nie vanjaar nie. Die eerste span veral is 'n Broederbond waarin die een die ander nie in die steek sal laat nie en nog minder hulle universiteit. Die drie ander spanne het natuurlik nog nie hulle moses in 'n Ikey gevind nie en lewe eenvoudig daarvoor om op die Ikeys oorwinnings aan te teken.

Wat ook al die uitslag môre gaan wees, een versekering gee ons die publiek en dit is dat hulle voetbal van die hoogste gehalte sal sien. Stellenbosch is bekend vir sy oop spel en sal die tradisie handhaaf.

J. J. Oberholzer.

### ONS HOKKIEKAPTEIN

As daar een span is wat 'n groot rekening het om Saterdag met die Ikeys te vereffen ,dan is dit seker die eerste hokkiespan. In die afgelope paar jaar was ons altyd ongelukkig om net gelykop te speel of te verloor. Die gedagte hieraan het die spelers vanjaar laat oefen soos maar min tevore gesien is; en Saterdag gaan ons wys hoe ons 'n hokkie-Intervarsity kan wen.

Ons breiers, drs. Kirsten en Moolman is baie tevrede met die samespel van die eerste span, en hulle meen dat ons Saterdag behoort te wen. Ook die tweede span vertoon mooi saam, en, het reeds in die af-Intervarsity-wedstryd wen, asook die

Die derde span, wat gewoonlik hul Intervarsity-wedstryd wen, asook die vierdes het ten spyte van baie nuwe spelers reeds goed vorm gekry, en beloof om twee harde wedstryde op te lewer. Die spelers is almal vasberade, en sien daarna uit om hierdie jaar die Ikeys ook op die hokkieveld in die stof te laat byt.

Die hokkiewedstryde word Saterdagoggend gespeel op U.K. se veld (Rondebosch) reg onderkant die hoofgeboue van die Universiteit.

Tweedespan: 9 v.m.
Eerstespan: 10.15 v.m.
Derdespan: 11.30 v.m.
Vierdespan: 12 v.m.

George Murray.

Mnr. Piet Toerien beskuldig mnr. Louis Duvenage daarvan dat hy, vandat hul nou kamermaats is, gereeld mnr. Toerien se baadjie aantrek Sing-Songs-toe.

### ONS DIRIGENT

Weereens het ons gekom voor een van die grootste, nee dié grootste dag wat 'n Matie ken, nl. Intervarsity.

Almal van ons het by dié tyd al die gees wat deur niks en niemand gedemp kan word nie, en die van ons wat dit nog nie het nie, sal hom seker in die nabye toekoms kry.

Volgens ons sang, en veral soos dit Maandag-aand gegaan het, is dit duidelik dat daar vanjaar vir ons niks minder as 'n reuse-sukses op die pawiljoen wag nie. Op die veld hoef ons nie te twyfel nie, dink b.v. net aan sulke woeste mense soos „Os'' en Kie.

Hoe dit ook sy, môre gaan ons die Ikeys afveeg van die pawiljoen af, want 'n mens kan maar sê 'n Matie is met 'n blikkeel gebore vir Intervarsity.

Ons pianis: Nouja, hy is met 'n klaviernoot so tuis. Daarom pêre, ondersteun ons, en SING!!

Louis Duvenhage.

### DAMES-HOKKIE-KAPTEINE

„Daar is niks om voor bang te wees nie juffrou. Wees tog maar genadig teenoor ons'' — dit van die Ikey-sekretaresse oor die foon. Mens sou sê Ikeyland het al ooit 'n teengewig voortgebring vir die hokkieskaal!

Wat die Ikeys laat bewe en dryf tot die soebat-situasie is die feit dat hulle slegs vyf ou spelers terug het in die eerstespan. Ons het hulle maar nie vertel dat die Maties slegs twee Reserwe spelers moes opskuif om die elftal te voltooi nie! O.a. verloor Ikeys die rooikop doelwagster wat hulle drie jaar lang beveilig het teen Matiehoue. Nou meteens stort hul verdediging in duie en Matie voorspelerbewegings word so een na die ander suksesvol bekroon!

Onder aanvoering van Iris Ettling, beskik die Eerste elftal oor kragte soos Hettie Lubbe, Jub Thompson, Vena Wilkens, wat almal in eersteklas toestand verkeer weens daaglikse jokhl. Netso Marie Stegmann wat stilweg deur dr. Eppie afgerig word vir die groot slag op Ikeys in die maand van Mei. Die oorbly-

(Vervolg op bls. 3, kol. 2)

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.
Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.
**JOERNING EN SEUN** (Eiens ) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**MATIES**
ONTHOU!
Die
REKREASIE SALON'S
Is hier om tot Diens te wees
Vir beide Mans en Dames Studente.
Foon 317.
Reg oor die Poskantoor.

**W. C. DU TOIT**
SKOENREPAREERDER,
Van Ryneveldstraat
STELLENBOSCH.
(Langs die Eike Kafee)
Nooi al u skoene uit na sy deeglike herstelwinkel, waar hulle netjies virsool word deur deskundige werkers en moderne elektriese masjienerie teen die allerbillikste pryse.
Met daelikse ondervinding kan ek u goeie raad gee om u sak te bespaar, en wil u ook bedank vir ondersteuning in die verlede.

**Suikerbossie Melksalon**
HOOFKWARTIER van GESONDHEID.
Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
**Langmarkstraat 141,**
**KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

**R. MÜLLER**
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.

**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

**NUWE WINKELURE ! !**
**Die C.S.V Boekhandel,**
sal in die toekoms net gedurende die volgende ure oop wees.
MAANDAG, DINSDAG, DONDERDAG, VRYDAG
van 8.30 v.m. — 1. n.m.
van 2.30 n.m. — 5.30 n.m.
WOENSDAG en SATERDAG
van 8.30 v.m. — 1 uur.
PAS ONTVANG! Nuwe uitgawe van die veelbesproke boek
„THERE ARE NO SOUTH AFRICANS"
deur G. H. Calpin, 12/6.
*U Laaste Kans!*
„HOU KOERS" DAGBOEKIE
nou teen verminderde prys verkrygbaar 1/3 elk.
*Koop dadelik een!*

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

## DIE MATIE

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers en P. O. le Roux.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 8 MEI 1942. No. 10.

## INTERVARSITY

In hierdie troebele dae van senuspanning waarin wêreldryke ineenstort en selfs die Bong van Wong hom na rype oorweging geroepe gevoel het om op eg-kapitalistiese wyse sy skedelakkumulasie te versnel, en sy kopjagtersinstink te stel in die diens van die Demokrasie, gaan die studente andermaal hulleself oorgee aan egte studentejolyt.

As draers van die gees van Oom Paul (Roos) gaan Stellenbosch vanjaar na Nuweland om die skandvlek van twee jaar gelede uit te wis.

Stellenbosch se oorwinningsreekse duur altyd 'n dekade, sodat die Ikeys moet besef dat as hulle môre verloor hulle weer vir tien jaar in die woestyn sal moet swerwe.

Die Ikeys sal natuurlik hulle beste lewer om 'n nederlaag te verhoed en hulle posisie van die laaste paar jaar te konsolideer.

Dit is dus verstaanbaar dat die spanning nou al hoër loop as in die laaste paar jaar ten spyte van die feit dat die gewone kleurrykheid van Intervarsity weens skaarste van materiale sal ontbreek.

*Die Matie* se beste wense vergesel ons vier spanne.

## „EX LIBRIS"

Ds. T. N. Hanekom

### ONDER EED VEBIND!

Neh. 10:28—29. „En almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande, het by hulle broers aangesluit, en hulle het onder eed en met beswering hulleself verplig om te wondel in die wet van God......"

By alles wat verlore geraak het in Israel in die jare van sy vernedering, was ook die eerbied vir die eed. Die eed is heilig, want dit is 'n beroep op God, die Heilige! Nehemia het dit geweet en wou dit by sy volk weer inskerp. Daarom bring hy die volk weer bymekaar en daar, onder die ope hemel, snoer hy die volk saam in 'n heilige eed-verbond. En dit was baie stil! Wie voor die Here sweer, swyg ook met sy mond. Hy praat alleen met sy hart. Dan is die tyd vir argumente en redenering verby; dan maak ons ook nie meer vir mekaar beloftes nie; want in sulke ure word geloftes gebore!

Van hierdie gelofte-verbond is daar baie en heerlike dinge te verwag. Dit is bemoedigend om daarop te let, dat hierdie eed met groot erns en opregtheid geneem is. Dit was nie maar 'n funksie om stemming te maak vir die oomblik nie, maar 'n heilige plegtigheid, vol huiwering en aangrypende erns. Want hierdie mense het seker besef dat 'n eed vir altyd moet staan en nie verbreek mag word nie. Wie die eed verbreek skend die majesteit van die heilige God! Daarom ook het Nehemia hierdie plegtigheid lank uit gestel totdat die volk eers gesuiwer was van alle vreemde, heidense elemente. Die eed is geneem deur „almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande." Voor die tyd was dit onmoontlik om die eed te neem en net so onmoontlik om dit te hou. Daar is mense wat 'n eed neem met

(Vervolg op bls. 3, kol. 2)

# Die Oorlog

## X. Die Stryd teen die Japaners

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Deur Prof. J. A. Wiid

### BIRMA

Gedurende die afgelope veertien dae is dit weereens in die Verre Ooste en veral aan die Birmanse front waar die grootste beweeglikheid plaasgevind het. Aan hierdie front het die oorlog vir die Britte en hul Tsjoenking-bondgenote — dit is opmerklik dat 'n mens nooit van Birmanse soldate nie maar altyd van Birmanse verraaiers hoor—'n uiters kritieke stadium bereik. Op verrassende wyse het die Japanners daarin geslaag om 'n flankbeweging uit te voer, die Birma-pad noord-oostelik van Mandalay af te sny en die belangrike spoorweg-terminus Jasjio, vanwaar die Birma-pad na China begin, te beset. Intussen is vanuit die Suide ook Mandalay, die strategies-belangrike stad wat na die verlies van Rangoen die setel van die regering geword het, deur die Japanners ingeneem. Japanse troepe het reeds die Birma-Chinese grens oorskrei.

Hierdie verrassend-snelle en groot Japanse suksesse in Birma kan verreikende gevolge hê. Nie alleen staan die Britse en Chinese troepe vandag voor die groot gevaar om omsingel en vernietig te word, maar die allerbelangrikste Birma-pad is reeds afgesny. Hoewel hierdie pad vir Tsjoenking reeds veel van sy waarde verloor het met die val van Rangoen, kon Tsjoenking-soldate tog nog altyd langs hierdie weg na Birma ingevoer word om te help in die stryd teen die Japanners. Chinese mense-materiaal was juis wat die Britte nodig gehad het. Die jongste Japanse oorwinnigs het dus 'n wig ingedryf tussen Birma en Tsjoenking-China en laasgenoemde, wat nie langer noodsaaklike Britse en Amerikaanse oorlogstuig oor die Birmapad kan kry nie, staan op die oomblik feitelik afgesny van die buitewêreld. Die moontlike immobilisasie van miljoene Chinese soldate sal sonder twyfel vir die Brits-Amerikaanse bondgenote in die oorlog teen Japan 'n baie gevoelige verlies wees.

Die groot Japanse suksesse in Birma sal waarskynlik nie sonder uitwerking op Indië wees nie. Britse nederlae het nie slegs die Japanners tot aan die Indiese grens gebring nie, maar Britse militêre aansien is bepaald ook nie in Indië verhoog nie. Inplaas dat die Japanse suksesvolle voortmars die Indiërs vreesbevange vind en onder die vlerke in Brittanje injaag, verneem ons dat die Al-Indiese Kongres nie alleen geen berou het dat Cripps onverrigter sake huis-toe gestuur is nie, maar juis op hierdie kritieke tydstip algehele afskeiding van die Empaaier propageer. Niks is so suksesvol as sukses nie en dit geld veral vir die vrugbare verbeeldingskrag van die Oosterling.

Behalwe in Birma is die oorlogsvoering in die Verre Ooste op die oomblik beperk tot weersydse bedrywigheid oor noordelike Australië en die Nu-Guinee-gebied. Die eilandvesting Corregidor is die voorwerp van hewige Japanese bombardement en langdurige weerstand van die eiland is onwaarskynlik. Die landing van Amerikaanse troepe op Nu-Caledonië, n' Franse eiland ongeveer 700 myl ten ooste van Australië geleë, en die landing van Britse troepe op 'n ander Franse eiland, Madagaskar, is gebeurtenisse van belang. Hierdie landings op Franse gebied is defensiewe dade entot op hede het die Britte en Amerikane nog geen teenoffensief begin ten einde iets te herower van die ontsaglike gebied wat gedurende die afgelope vier maande in Japanse hande geval het. Die inisiatief skyn nog altyd by die Japanners te wees en in Londen en Washington heers daar nog altyd groot onsekerheid omtrent die volgende stap van Tokio te wees. Sal dit wees 'n aanval op Australië, of in die rigting van Indië of miskien op Siberië.

### DIE WESTELIKE OORLOGSFRONT

Aan die Russiese front duur die dooiweer nog voort en die terrein is omgeskep in 'n „modderige land van slyk en water." Hierdie front bly egter nog steeds een van die belangrikste van hierdie oorlog. Dit is hier waar reusagtige strydmagte die geleentheid sal kry om dit teen mekaar uit te veg; dit is hier waar die beslissende slag van hierdie oorlog miskien gelewer sal word. Gedurende die somer en herfs van 1941 het die Russe geweldige mokerhoue van die Duitsers moes verduur sonder dat die Russiese front ineengestort het. Aan die ander kant weer het die Duitsers gedurende die wintermaande 'n harde stryd teen klimaat, terrein en die Russe moes voer sonder dat die geskiedenis van Napoleon herhaal is. Die volgende maande sal nog moet bewys hoeveel van hul slaankrag die Russiese en Duitse leërs reeds verloor het. Die oë van die wêreld is nog altyd op die Russiese front gevestig.

### 'N TWEEDE FRONT.

Intussen verlang die Russe met reg meer bystand van hul bondgenote en veral 'n tweede front teen die Duitsers. Daar word in sekere westerse kringe selfs sterk aangedring op 'n Brits-Amerikaanse inval in Europa. Niemand minder as lord Beaverbrook het onlangs in Amerika hierdie wens uitgespreek nie. Die kritiek wat hy onder sy mense uitgelok het, bewys dat 'n ernstige landing in Europa nie met ligsinnigheid aangedurf mag word nie. Die landing van 'n Brits-Amerikaanse ekspedisielër op die Vasteland van Europa onder huidige omstandighede is niks anders as fantastiese onsin nie.

Die suksesvolle landings van die Japanners op Hangkong, Maleia, Singapoer, Java en elders en van die Duitsers op Kreta, lewer geen waarborge vir suksesvolle Britse landings in Westelike Europa nie. Die Japanse en Duitse landings dra die kenmerke van koloniale ondernemings, kenmerke wat onder huidige omstandighede heeltemal afwesig sal wees as landings in Europa gewaag word.

Verlede Saterdag het mnr. Dawid de Villiers en mej. Tinkie Geldenhuys, albei oud-Maties, hul verlowing bekend gemaak.

Mnr. Alan Graham het 'n mangeloperasie ondergaan maar maak nou goeie vordering.

**Rook Springbok-Sigarette**

# PLATE-PROGRAM

## Sondagaand om 8.30

*„Musiek is 'n hoër openbaring as Wysheid en Filosofie."*
*— Beethoven.*

*Mnr. Hubert du Plessis* sal *Bach* se *„Voorspel en Fuga" No. 4* (van die 48) voordra. In 'n Fuga kom die „Stemme" in, alternatief in die tonika (Die Onderwerp) en in die dominant (Die Antwoord) (en nie andersom soos verlede keer per abuis aangekondig nie).

*Mozart* (1756 — 1791) het meeste van sy operas in Italiaans geskryf, maar sy meesterstuk, *„Die Zauberflöte" (1791)*, is in Duits. Hieruit hooru die aria van die Koningin van die Nag, soos dit deur die onvergelyklike *Frieda Hempel* (geb. 1885) vertolk word. Sy sal ook die „Waantoneel" uit *„Lucia di Lommermoor"* van *Donizetti* (1798 — 1848) sing.

*Beethoven* (1770 — 1827) se *Simfonie No. 5 in C. kleinterts. Op. 67.*, die populêrste van alle simfonië, is gekompineer in 1808 toe hy baie moes verduur weens sy doofheid. Dit is een van die mylpale in musiek. Beethoven skud hierin die laaste kettings van die klassieke meesters af.

Die eerste deel open met die bekende sogenaamde „Viktorie"-tema, wat volgens Beethoven die Noodlot is wat aan die deur klop, en wat met 'n driftige volharding herhaal word. Dit word vergesel van die tweede tema, 'n patetiese menslike beroep teen die brutaliteit van die eerste tema, en dwarsdeur die eerste deel is hierdie temas in tenstlling. So begin die ontwikkeling met 'n uiters grimmige weergawe van die Noodlotstema (naby die end van die eerste sy): Berlioz beskryf dit as volg: „Hier het ons Beethoven se innigste smart, sy wildste toorn sy allenigste en mees verlate peinsing, sy middernagtelike visioene, sy oomblikke van entoesiasme." Die eerste deel sluit met die oortuigende oorwinning van die Noodlot-tema.

Die kalm, edel, en beteulde tweede deel begin met die skone eerste tema, wat aangekondig word deur die tjellos en violas, waarna die tweede tema (wat later marsagtig word) skaam aangegee word deur die klarinette en fagotte.

In die Scherza (van die derde deel) is die ritme opgewek, maar die orkestrasie koud, en hierdie sonderlinge stryd lewer 'n onrustige atmosfeer: hierin gee die horings die Noodlot-tema weer aan. Die lewendige erio word aangegee deur tjellos en dubbelbasse, waarna die Noodlot-tema, nou nie meer so waarbarstig nie, weer intree. Vir 'n ruk herhaal die dromme 'n gedempte C, en die snare, na 'n noot wat lank gehou word, speel 'n stadigstygende passaat, wat 'n mens laat dink aan 'n wese wat worstel na lig. Skielik bars die melodieuse finale met sy volle vuurgloed los. So is dan die treffende ononderbroke oorgang van die derde na die vierde deel. Die eerste tema van die finale is 'n seëvierende mars en die tweede word deur klarinette en violas aangegee. In die middel van hierdie deel kom die Scherzo op treffende wyse weer terug, maar die opening van die finale oorwin dit weer, en 'n Presto eindig die werk jubellend met 'n herhalende koord in C grootterts.

*G. F. S.*

---

Op Woensdag, 15 Mei, word daar 'n konsert gehou in die stadssaal ten behoewe van die geïnterneerdes. Die volgende persòne sal optree nl. mev. dr. C. Hugo (sang), mnr. Hubert du Plessis (klavier) en mej. Anette Scheepers (viool).

* * *

Dit word gesê as twee gekystes gaan B.T.K. en hul kom gekys terug, hou so 'n kys vir altyd. Ons wil mnr. Jannie Lou en mej. Elsabe de Waal gelukwens met hul prestasie. Die zoo voort!

# Die Kunswedstryd

Vir die eerste week van die beoordeling is die program as volg: —

*Maandag, 11 Mei* (C.S.V.-gebou):
Oggend 9 v.m. Voordrag (seuns).
Middag 1.30 n.m. Voordrag (meisies).
Aand 7.30 n.m. Voordrag (dames ope).

*Dinsdag, 12 Me:* (C.S.V.-gebou):
Oggend 9.30 v.m. Klavier (juniors).
Middag 2 n.m. Klavier (solo, duet en bladlees).
Conserve: Aand 7.30 n.m. Klavier (seniors, solo en duet).
C.S.V.-gebou: 7.)0 n.m. Viool en blaasinstrumente.

*Woensdag, 13 Mei* (C.S.V.-gebou):
Oggend 9 v.m. Voordrag (meisies).
Middag 1.30 n.m. Voordrag (Meisies).

*Donderdag, 15 Mei* ((Conserve):
Oggend 8.15 v.m. Toneel.

*Vrydag, 16 Mei* (Bloemhofskoolsaal):
Oggend 11 v.m. Blomrangskikking.
Conserve: Aand 7.30 n.m. Kore.

Enige persoon sal teen betaling van 6d. toegelaat word om beoordeling by te woon.

## EX LIBRIS

(Vervolg van bls. 2, kol. 2)

hulle lippe en gedagtes uitspreek wat nog nooit in hulle hart gelewe het; en dan is die gevaar onvermydelik dat die eed verbreek word en heilige bande weer verskeur word; dan word geloftes wat aan die Here gedoen is, vergeet en verwaarloos; dan staan die „gelofte-koppie" op ons volkspad, soos 'n uitgedoofde altaar, sonder rook of vuur en sonder offer!

Die inhoud van hierdie eed word saamgevat in die woorde hierbo genoem: „verplig om te wandel in die wet van God." „Na die wet en die getuienis," was die leuse. Die woord van God was die lig op hulle pad, en het hulle gelei tot drie besluite. Allereers het hulle onderneem om die bloedstroom van hulle volk suiwer te hou. Hulle sal die dogters van die volk weghou van die vermengingsmaalstroom. En ook hulle seuns. Ook sal hulle die Sabbat weer in ere herstel en dit heilig as die dag van die Here. En wat nog verder strek, hulle sal die verbroke altare weer opbou en „vuur maak op die altaar van die Here hulle God." Hulle sal weer die volk leer om te offer. En sodat dit vas kan wees, is elke man en vrou en kind onder eed geplaas; en wee die wat sy eed aan die Here nie hou nie!

Terwyl ek hierdie drievoudige eed oorpeins, sien ek baie dogters van my volk in vreemde hande, „gekraak, gebreek." Ek dink aan so baie Sabbatsdae wat in ydelheid verlore gaan, ontheiligd as vakansiedae. En, ek sien ook meer as een altaar van my volk maar flou-flou brand. En die wat uitgedoof is, deur verwaarlosing, kan ek gladnie sien nie. Hulle het weggeraak in die donker! En ek vra, met smart, waar is ons eed en waar ons volkshervormer?

## HOKKIE-KAPTEINE

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

wendes is almal huishoudkundiges met eersterangse kennis van diëetkontrolering en energieproduserende voedingstowwe. Nouja, die feite is selfverklarend in waarde wanneer die deskundikes ook Matie-hokkiespeelsters is!

Sover so jammer vir die opponente. Wat betref die 1 Reserwe span is die organisasie so fyn dat selfs nie die langste Ikeyneus êrens 'n hakplek of gaping sal ontdek nie. Met Brunhilde Boehmke in die agterlyn en Rae Walker as kaptein is die span verseker van die uitslag al reën of hael dit nou ook. Die twee sal deur waterpoele kom — sulke swemen duikkampioene word met 'n definitiewe doel ingesluit. Hier sal dit wees 'n stryd tussen Maie-selfversekerheid en Ikey-vrees!

*C. Potgieter.*

# Onder Onsies

Ook onder onsies het die Inter varsitygees losgeraak en dit is stadigaan besig om 'n klimaks te bereik. Elkeen en almal koester grootse verwagtinge. Mnr. Louis Duvenage praat selfs van 'n moontlikheid dat ons Saterdag Kaapstad sal kan inneem met ons Matie-kleurbaadjies.

* * *

Ons verneem van mej. Ruth Reinecke dat die 1941 voorsitter van Intervarsity Komitee hierdie naweek oorkom van Calvinia. Dit word algemeen aangeneem dat dit is om rede sy belangstelling in sulke aktiwiteite.

* * *

Mnr. Happy Steyn *wou* baie graag deur middel van „Die Matie" uitvind of daar ander Interv. Orkeslede is wat gaan skiet. Ons moes hom herinner dat dit 'n Intervarsityuitgawe is en nie 'n nabootsing van „Matrimonial Times" nie.

* * *

Soos dit maar alte dikwels gebeur het die B.T.K. dit ook nie hierdie keer nagelaat om nuwe paartjies te skep nie. Uit vertroubare bronne word verneem dat as mnr. Rynie de Villiers by Monica opgemerk word, 'n mens maar kan seker wees dat mej. Magriet Burger in die omtrek is.

* * *

Ons wil mnr. Nick Michau, kaptein van die „Tirds", gelukwens met sy verlowing met die dame van Huisde Villiers. Ons spreek die hoop uit dat hy Saterdag op die veld ook netso vinnig en netso suksesvol sal wees.

* * *

En dan het dit gebeur dat mnr. Eddie Botha een nag gedurende die vakansie, onder die bruk tussen Herman en Eikeboom gaan slaap het, en die volgende môre vroeg die hele buurt se bewoners gewek ht dur te kraai soos 'n roenderhaan.


**Daar's 'n Rede**

Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
**Die Laan, Stellenbosch.**

**8 UUR FOTODIENS**

**U films kan nou in 8 uur ontwikkel en afgedruk word**

VERGROTINGS 'N SPESIALITEIT

*8-Uur Fotodiens*
V/h Herold's Ateljee
Andringastraat - Stellenbosch

**PLAZA**
Foon 0013. STELLENBOSCH.

**GARY COOPER**
in die sensasionele sukses wat die kritici die MR. DEEDS van vanjaar noem.

**„MEET JOHN DOE"**

Bygestaan deur BARBARA STANWYCK en ander Sterre.

**Dond., Vryd., Sat.**
**7, 8 en 9 Mei.**

*Studente!*

Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat

**J. B. COETZEE**

u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

**„Die Uitspan"**

Heet alle studente hartlik welkom op Stellenbosch!

Kom geniet seker 'n koppie van ons
Spesiale „Uitspan-Gesondheidsdrank,"
tee, koffie of melkdrank, en maak beter kennis met

**„Die Uitspan"**

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**GEVRA**

*50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.*

**VOORBRAND TABAK MAATSKAPPY (Edms) Bpk.**
KOMMISSARISSTRAAT 200,
JOHANNESBURG.

**DIE EIKE KAFEE**
*(Eienaar: van der Wes.)*

STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

# Rook Springbok-Sigarette

# Die Intervarsity om 'n end te maak aan Intervarsity

Dit is die jaar 1945. Ek word wakker na 'n onrustige nag vol storings en lugalarms. „Vandag is Intervarsity!" is my eerste gedagte. Dit is 'n pragtige helder dag, ideale weer vir 'n wedstryd. Terwyl ek my staalhelm vasgespe dink ek vol weemoed terug aan die dae toe 'n mens nog sonder 'n outomatiese pistool en 'n koëlproef borshemp kan Intervarsity-toe gaan. Hoe gou die tye tog kan verander! Ek sluk gou 'n paar gekonsentreerde brekvis-pille en begin aanstap na die sportterrein. Op pad kom ek verskeie vriende teë wat my sê dat Ikey-bomwerpers reeds verskeie maal in die vroeë oggend oor die dorp was om verkenningswerk te doen, en dat die Ikey-hoofmag uit die rigting van Kuilsrivier oprruk. Gelukkig kan ons vanjaar seker wees dat daar nie 'n herhaling sal voorkom van die onaangename insidente wat die Intervarsity van 1942 bederf het nie. Soos bekend het dieIkeys by geleentheid 'n handgranaat in 'n Matie-ambulans, wat vol ammunisie was, gegooi, met die gevolg dat verskeie Maties gedood en baie ander swaar gewond is. As vergelding hiervoor het 'n Maie-vyfdekolonner 'n klein verrassingkie in die Ikey-klavier geplaas. Net toe hul die U.C.T.-led wou aanhef en die pianis die eerste akkoord druk was daar 'n swaar ontploffing waardeur die hele Ikey-orkes na die stratosfeer geblaas is. Niemand wil natuurlik beweer dat die stratosfeer die verkeerde plek is vir 'n Ikey-orkes om heen geblaas te word nie, maar nietemin was albei insidente flagrante skendings van die volkereg. Die Universiteits-owerhede het besluit dat dinge nie langer so kan aangaan nie, en dat daar in die vervolg strenger kontrole oor Intervarsity-wedstryde moet uitgeoefen word. Onderhandelings is oor en weer aangeknoop, en intussen het albei kante begin „voorsorgmaatreëls" tref „om 'n herhaling van dergelike insidente te voorkom." Uiteindelik is deur bemiddeling van die Volkebond tot die volgende ooreenkoms geraak:

1945

In 1945 sal daar 'n Intervarsity gehou word om alle Intervarsity te beëindig. Die wenner sal die reg hê om te eis dat die ander kant alle offensiewe wapens met uitsondering van „Safety-Razors" moet uitlewer, dat hulle moet ontken dat hulle ooit in die verlede enige Intervarsitys gewen het en dat hul nie van plan is om ooit weer in die toekoms die meerderwaardikheid van die ander kant te betwis nie.

Verder is daar strenge reëls neergelê waarvolgens die wedstryd moet plaasvind. Geen tenks swaarder as twintig ton sal op die veld toegelaat word nie, en ook geen kanonne groter as ses duim nie. Ook sal slegs honderd man aan weerskante aan die wedstryd deelneem. (Laas was daar teen die einde ongeveer 'n volle pantserdivisie aan weerskante in aksie).

GROOT SPANNING

Hoe nader ons aan die veld kom hoe harder word die lawaai van die propagande-uitsprekers wat onophoudelik nuus-bulletins uitsaai. Albei kante probeer op die laaste oomblik nog die moraal van die vyand te ondermyn. Toe ons by die veld kom hoor ons juis hoe die Ikeys aankondig dat 'n Ikey-duikboot twee Matie-vliegtuie naby Kaappunt getorpedeer het, terwyl die Maties beweer dat hulle lugmag 'n vyandelike slagskip gevang en na ' Matie-hawe gesleep het.

Vir diegene wat nog nie so goed bekend is met hierdie moderne vorm van sport nie, moet ek hoer verduidelik dat die veld vir „tenkbal" heelwat groter is as dié waarop die voetbalwedstryde van vroeër afgespeel is. Dit is ongeveer twee myl lank by 'n myl breed. Oral rondom is doringdraad en tenkversperrings aangebring om te verhinder dat die toeskouers aan die spel deelneem.

Terwyl ons in ademlose spanning wag op die begin van die wedstryd sien ons deur die verkykers hoe die tenkmagte aan weerskante saamgetrek word. Albei kante toets nog vir oulaas die motore van hul tenks en vliegtuie. Dit veroorsaak 'n oorverdowende gedruis. 'n Paar Maties is besig om 'n swaar tenksafweerkanon voor hul doelpale in stelling te bring. In die middel van die veld kan die kan die groot blink staal bal gesien word.

DIE SLAG

Daar, presies om 3-uur 'n harde knal — die teken waarvoor ons gewag het. Die tenkmagte pyl met duiselingwekkende vaart na die middel van die veld, terwyl bomwerpers en vegvliegtuie aan weerskante opstyg. Byna onmiddelik is die veld in die digte rookskerms gehul. Die Matie-grofgeskut open 'n verwoede trommel-vuur op die vyandelike artillerie-stellings maar weens die slegte uitsig kan die uitwerking nie vasgestel word nie. In die middel van die veld woed 'n verbitterde tenkslag om die besit van die bal. Na ongeveer 'n halfuur sien die Matie-toeskouers tot hul ontsetting 'n blou Ikey-tenk uit die rook tevoorskyn kom en met die bol voor hom op die doellyn afpyl. Reeds is hy verby die twee Matie heelagtertenks en nader die driekwart-lyn. Die tenkafweerkanonne het blykbaar geen uitwerking op sy dik pantserplate nie. 'n Doel skyn onvermydelik. Maar skielik skeur 'n donderende ontploffing die lug. Die tenk het in 'n Matie-mynveld beland. Die landsdiensmanne het dus nie verniet in die laaste tyd so ywerig op die veld gewerk nie. Ons slaak almal 'n sug van verligting terwyl die wedstryd vir vyf minute stopgesit word teneinde die Rooikruis toe te laat om die wrak te verwyder.

'n Uur gaan verby. Reeds kan twintig krygsgevangenes wat uit vernietigde tenks gehaal is, agter die Matie linies getel word. Hulle babbel 'n onverstaanbare taal, en toe hul verversings aangebied word verduidelik hul tot verbasing van die toeskouers, in gebroke Engels, dat hul slegs belang stel in vodka.

Met halftyd was die telling, soos bevestig deur die Haagse Hof van Arbitrasie, reeds 6 — 3 in ons guns. Die Ikey-propaganda moes hierdie feit erken, maar het verklaar dat die „Mazis" slegs die tydelike voorsprong gewen het ten koste van swaar verliese. Een ooggetuie sou vertel het dat hy nie minder as neëntig dooie Maties op die slagveld getel het nie. Een van hul vliegeniers weer het hoewel sy vliegtuig, Vomit-Venom, nog net een vlerk gehad het en hy self nog net een oog en een arm, 'n Matie brandstof-opslagplek agter die doellyn vernietig (die vlamme kon sewentig myl ver gesien word) daarop 'n formasie van sewe Matie-vliegtuie aangeval, ses en 'n half daarvan afgeskiet, die res swaar beskadig, en tenslotte veilig en ongedeerd agter sy eie linies neergestryk. Goedingeligte Ikey-kringe het verklaar dat hul uit betroubare bronne verneem het dat die Matie hul laaste reserwes in die stryd gewerp het, en dat, as die Ikeys slegs die tweede helfte nog kan uithou, die stryd sal gewonne wees.

By die hervatting het die Maties egter gou die oorhand gekry. Hul duikbomwerpers het groot bresse in die vyandelike linies geslaan, waardeur hul vinnige vleuel-tenks keer op keer die bal oor die Ikey-doellyn gestoot het. Toe die einde kom het hul 'n verpletterende oorwinning behaal met 24 punte teen3. Maar skaars word die uitslag aangekondig of die Ikey propaganda maak bekend dat hul S.V.R. die wedstryd ongeldig verklaar het as gevolg van die feit dat hul betroubare inligting ontvang het dat die tenk van die Matie-kaptein saam met sy bemanning nie minder as twee-en-twintig ton geweeg het nie, dat die Maties hul dus skuldig gemaak het aan eensydige verdragskending, (wrongfully, unlawfully and maliciously), dat hulle self gevolglik genoodsaak is om uit weerwraak die Matie-hoofstad te vergruis en te verpoeier, en, tenslotte, "that there'll always be an Ikeland."

[SANDVELD.]

## DIE ORAKEL

### Koos Meyer Breek Lang Stilswye

Met 'n hartslag wat elke nou en dan sy slag mis soos 'n ou Dieselenjin en dan weer by wyse van afwisseling 'n slag skoon deur my ribbes wil spring, het ek daar gelê. Nie geslaap nie vrinne — gelê...... gelê met 'n hart vol verbittering want dit is toetse en toe nog toetse en toe weer nog 'n klomp. Watter opregte witmens kan dan nog in so 'n bedorwe atmosfeer waar onwelriekende toetse soos die geur van ou piesangs in 'n koeliewinkel hang, 'n ou plekkie in sy hart afsonder vir die Intervarsity-gees??

Dit was toe ek nog so gelê het toe die redakteur van hierdie einste blad se afgesant daar by my aangekom het met sy gesoebat. Ek het toe sommer groot monde vol uit my woorde skat wat ek altyd vir sulke geleenthede bêre gehaal. Maar helaas, dit het van hom afgeval soos gansvere van 'n vuilwaterkar en die einde van die diskoers was: wat dink jy van Intervarsity, hê??

Wel meneer die afgesant van die redakteur, dis 'n uitgemaakte saak. U kon dit maar destyds vir oorleë Aristoteles ook gevra het. Hy sou net gesê het: „Kyk soonie, die Intervarsity van die 9de Mei 1942 n.C. sal die ondergang wees van die semietiese volkie, wat soos 'n swerm siek bye in die klowe van Tafelberg saamgekoek sit. Die „Matie"-geslag sal in daardie jaar en die jare wat daarop sal volg sy septer swaai van die land van v. d. Stel tot ver oor die landgoed van Fanie v. d. Spuy die opperhoof van die vlugtelinge uit Jerusalem!

Ek is dieselfde mening toegedaan en al het ek al die tenks van Duitsland, al die masjien-gewere van Suid-Amerika-oos en „Engeland se oppermag onder die seë nog boonop sal ek nog nie die minste moeilikheid wil hê met „Maties" se 15 rooijersies nie. Hulle sal mos oor 'n georganiseerde eenheid draf soos 'n snymasjien deur 'n hawerland.

Maar nou wil ek net aan u en aan u lesers vra meneer die redakteur (ek self kan die vraag nie eers met behulp van 'n woordeboek beantwoord nie) waar kom die „Ikeys" aan die vermetelheid om hulle kragte teen die „Maties" te wil meet?

Ten slotte wil ek nog net sê — nie wat ek gehoor het of half-amptelik van oningeligte kringe verneem het nie, — maar die harde naakte waarheid en dit is: Die Ikeys sal net met ons intrap-slag ineenstort soos die mure van Jericho destyds ineengestort het!

VERLOOR

DAMESRING met kenmerkende blou saflersteen, verloor by onthulling van Hugenote-monument. Beloning vir vinder. Meld aan by mej. G. Middleton, Neethlinghof.

Stadler en Ko., (Eiens Bpk.)

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware — Ysterware Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir OLIVER PLOEË.

Ondersteun Die Matie

Jac. J. du Toit & Kie.

Die studente kleremakers nooi u om die nuwe voorraad stoffasie te kom besigtig en u keuse te doen.

Studente kleurbaadjies kan u hier kry.

Op hoek van Van Ryneveld- en Pleinstrate.

REËNJASTE VIR KLASLOOP

Mans Vaal Reënjaste, 32/6; Mans Blou Reënjaste, 34/6; Mans Enkelbors Reënjaste, 46/-; Mans Dubbelbors Reënjaste, 63/6. Mans Blou en Vaal Wol Reënjaste, 73/6 en Waterdig, 97/6. Mans Warm Tweed Jaste Half-belt, sonder plooie in Rug vanaf 69/6, 79/6, 89/6, 105/-, 117/-, tot 120/-, in al die nuutste kleure.

Sambrele: 9/11, 10/11, 11/-, 11/6, 12/6.

Ons nuutste voorraad Oortrekjersies en Truie met hoë kraag het so pas gearriveer.

Leer Golfbaadjies, 62/6, 69/11.

Onthou hier kry u die grootste keuse op die dorp teen die laagste pryse. — Kom koop hier en slaan u slag.

GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.

Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

DIE PÊRELSE STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar : Mnr. W. Marsh.